| | | |
|---|---|---|
| Verslagwaardig: | JA / NEE | |
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE | |
| Sirkuleer aan Streeklandroste | JA / NEE | |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE | |

# IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA
# (Noord-Kaapse Afdeling, Kimberley)

| | |
|---|---|
| Saakno: / Case number: | **CA&R 63/2012** |
| Datum verhoor: / Date heard: | **07/09/2015** |
| Datum beskikbaar: / Date available: | **18/09/2015** |

In die saak tussen:

**ABRAHAM JOHANNES SMIT** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

## UITSPRAAK OP APPÈL

**ERASMUS, WnR**

[1] Die appellant appelleer teen sy skuldigbevinding in die landdroshof Calvinia op 'n aanklag van oortreding van artikel 65(1)(a) gelees met artikels 32, 69(1), 73, 89(1) en 89(2) van Wet 93 van 1996. Dit is die appellant ten laste gelê dat hy op 26 Julie 2010 te De Weestraat, Calvinia, 'n motorvoertuig bestuur het of in die bestuurdersitplek daarvan gesit het terwyl die enjin geloop het, terwyl hy onder die invloed van sterk drank

of ‘n verdowingsmiddel wat ‘n narkotiese uitwerking het, was. In die alternatief is die appellant ook ander aanklagte ten laste gelê wat vir doeleindes hiervan nie relevant is nie.

[2] Die appellant het onskuldig gepleit op al die aanklagte. Hy het erken dat hy onder die invloed van alkohol was, maar ontken dat hy die voertuig bestuur het. Hy het aangevoer dat ene Piet Smith die voertuig bestuur het. Daar is bygevoeg dat die Staat dus moes bewys dat die appellant die voertuig bestuur het.

[3] Die Staat het vier getuies geroep; drie polisiemanne en ‘n lid van die publiek, mnr. Franco Tromp. Die getuienis van die polisiebeamptes handel met die appellant se beweerde bestuur van die voertuig nadat die botsing plaasgevind het. Daarteenoor handel die lid van die publiek se getuienis met die bestuur van die voertuig voor en tydens die ongeluk.

[4] Die polisiebeamptes het, in kort, getuig dat hulle kennis gekry het van ‘n botsing wat plaasgevind het in Vierdestraat. Oppad na die toneel en terwyl hulle gery het in De Weestraat, het ‘n voertuig hulle van voor af genader. Dit het baie stadig beweeg. Hulle het die voertuig afgetrek en die appellant agter die stuurwiel van die voertuig gevind. Op daardie stadium het die enjin van die voertuig geluier. Die voertuig was beskadig en het

geblyk die voertuig te wees wat vroeër in die botsing betrokke was. Die getuie, Franco Tromp, het hulle genader en die appellant identifiseer as die persoon wat die botsing veroorsaak het. Die appellant was volgens die polisiebeamptes onder die invloed van drank. Hy het na sterk drank geruik en sy spraak was aangetas. Die appellant het gesê dat sy oom die voertuig bestuur het ten tye van die botsing. Hy het oproerig geraak en is hy op die toneel gearresteer.

[5] Franco Tromp het getuig dat hy te voet onderweg was in Vierdestraat toe die voertuig van die appellant hom teen 'n hoë spoed genader en veroorsaak het dat hy uit die pad van die voertuig moes spring. Daarna het die voertuig teen 'n paal gebots. Die appellant het die voertuig bestuur ten tye van die botsing. Nadat die voertuig tot stilstand gekom het, kon die deur aan die bestuurderskant klaarblyklik nie oopmaak nie en het die appellant se oom, Piet Smith, aan die passasierskant uitgeklim. Die appellant het vanaf die bestuurderssitplek oorgeklim na die passasierskant en aan daardie kant uit die voertuig uitgeklim. Hierdie getuie het volhard met hierdie bewerings en hom nie in hierdie verband weerspreek nie. Die appellant het weer agter die stuur van die voertuig ingeklim en die betrokke voertuig kon op daardie stadium nie aanskakel nie. Dit is toe deur ander persone, waaronder die appellant se oom, gestoot van die toneel af in die rigting van De Weestraat.

Volgens Tromp was die persone besig om die voertuig te stoot toe dit deur die polisie gestop is. Tromp bevestig ook dat die appellant oproerig geraak het nadat die polisiebeamptes op die toneel aangekom het, tot en met sy arrestasie.

[6] Daar is verskeie stellings aan Tromp en die polisiebeamptes gemaak tot die effek dat die appellant nie die bestuurder van die voertuig was ten tye van die botsing nie en ook dat die enjin nie geluier het toe die polisiebeamptes die appellant agter die stuurwiel van die voertuig gevind het nie. Dit is deurgaans ontken. Daar is ook gestel dat sekere getuies wat namens die appellant geroep sou word, sou kon bevestig dat die appellant se oom, Piet Smith, die bestuurder van die voertuig was ten tye van die botsing.

[7] Die bloedalkoholverslag wat aangedui het dat die bloedalkoholvlakke in die appellant 0,22 gram per 100 ml bloed was, is ingehandig by ooreenkoms. Die Staat se saak is daarna gesluit.

[8] Die appellant se regsverteenwoordiger het eers namens hom aansoek gedoen vir ontslag in terme van artikel 174, welke aansoek geweier is. Die appellant se saak is daarna gesluit sonder dat enige getuienis aangebied is.

[9] Die Verhoorlanddros het die getuienis van die staatsgetuies aanvaar en bevind dat die appellant die bestuurder van die voertuig was ten tye van die botsing en ook dat die enjin geluier het toe die appellant deur die polisiebeamptes gestop is. Hy het bevind dat die Staat sy saak op 'n klag van bestuur onder die invloed van drank bo redelike twyfel bewys het.

[10] Mnr. Van Tonder, namens die appellant, het aangevoer dat

10.1 die weersprekings tussen die staatsgetuies wesenlike weersprekings is en dat dit in effek neerkom op twee totaal verskillende weergawes oor wat die betrokke aand gebeur het;

10.2 die Verhoorhof misgetas het deur die getuienis van Tromp te aanvaar gegewe die feit dat hy 'n enkelgetuie is en sy getuienis met versigtigheid moes benader het;

10.3 die getuienis van Tromp onvoldoende was om 'n skuldigbevinding uit te bring op die basis dat die appellant die bestuurder van die voertuig was ten tye van die botsing; en

10.4 die getuienis in elk geval onvoldoende was om te bevind dat die invloed van alkohol sodanig was

dat die appellant se sintuie aangetas was tot so 'n mate dat hy nie met die nodige sorg en vaardigheid 'n motorvoertuig kon bestuur nie.

[11] Adv. Kelaotswe, namens die respondent, voer aan dat

11.1 die Verhoorhof korrek was om te bevind dat die polisiebeamptes mekaar in wesenlike opsigte gestaaf het en dat die Staat dus bo redelike twyfel bewys het dat die appellant ná die botsing inderdaad die voertuig bestuur het, soos bedoel in die oortreding wat die appellant ten laste gelê is;

11.2 alhoewel Tromp verskil van die polisiebeamptes ten aansien van die gebeure ná die botsing, hierdie weersprekings nie wesenlik is nie as in ag geneem word dat daar 'n duidelike tydsverloop was en dat hierdie twee insidente in effek in verskillende strate afgespeel het; en

11.3 die Verhoorhof geregverdig was om 'n nadelige afleiding te maak uit die feit dat die appellant nie getuig het en/of enige getuies geroep het nie.

[12] Dit is geykte reg dat 'n Hof van Appèl nie ligtelik sal inmeng met die feitebevindings van die Verhoorhof waar dit die geleentheid gehad het om die getuies te sien en te hoor nie. Daar kan slegs ingemeng word indien die Hof van Appèl oortuig is dat die Verhoorhof verkeerd was. In hierdie verband het Mnr. Kelaotswe verwys na die bekende saak van **R v DLUMAYO & ANOTHER**[1] en verskeie ander sake waarin gemelde saak met goedkeuring aangehaal is. Hy voer verder aan dat die getuienis beoordeel moet word teen die agtergrond van die saak van **S v GLEGG**[2], op bladsy 38H tot 39A waar die geleerde Regter Rumpf die volgende gesê het:

*"Wanneer die Staat sy saak op so 'n manier moet bewys dat die judex facti oortuig moet wees dat die misdryf gepleeg is, word dit nie van die judex verwag dat sy oortuiging gebaseer moet wees op 'n sekerheid wat daarin bestaan dat 'n onbeperkte aantal geopperde moontlikhede wat denkbeeldig is of op blote spekulasie berus, deur die Staat uitgeskakel moet wees nie. Die begrip 'redelike twyfel' kan nie presies omskryf word nie, maar dit kan wel gesê word dat dit 'n twyfel is wat bestaan weens waarskynlikhede of moontlikhede wat op grond van algemene gangbare menslike kennis en ondervinding as redelik beskou kan word. Bewys buite redelike twyfel word nie gelyk gestel aan bewys sonder die allerminste twyfel nie, omdat die las om bewys so hoog gestel te lewer, prakties die strafregsbedeling sou verydel."*

[13] In **S v VAN WYK [3]** het Van den Heever R (soos sy toe was) die volgende opgemerk:

---

[1] 1948(2) SA 677 (A) op p 705-706
[2] 1973 (1) SA 34 (A)
[3] 1977 (1) SA 412 (NC) op 414E-G

*"Dit is moontlik oorbodig om daarop te wys dat die graad van bewys benodig, bewys is bo redelike twyfel en nie bewys bo alle moontlike twyfel nie. S. v Glegg, 1973 (1) SA 34 (AA). Maar waar hierdie twee faktore konstant is, nl. wat bewys moet word en tot welke mate van oortuiging, is die derde faktor, nl. die quantum en kwaliteit bewysmateriaal benodig om die hof aldus te oortuig, onderhewig aan groot variasie waarby die houding van die aangeklaagde noodwendig 'n belangrike rol moet speel.*

*As praktiese voorbeelde: indien iemand daarvan aangekla word dat hy dronk in 'n publieke straat was, sou getuienis van selfs 'n kind voldoende wees indien die aangeklaagde niks opper teen die bewerings nie, wat sê "ek het hom kry lê in die straat, hy het na sterk drank geruik, daar was 'n leë drie-bottel kan by sy hand, en hy kon net onsamehangend mompel, hy was dronk."*

[14] Die appellant het nie getuig of getuienis aangebied nie. In **S v BOESAK**[4], waar die Hof bevind het:

*"The fact that an accused person is under no obligation to testify does not mean that there are no consequences attaching to a decision to remain silent during the trial. If there is evidence calling for an answer, and an accused person chooses to remain silent in the face of such evidence, a court may well be entitled to conclude that the evidence is sufficient in the absence of an explanation to prove the guilt of the accused. Whether such a conclusion is justified will depend on the weight of the evidence. What is stated above is consistent with the remarks of Madala J, writing for the Court, in Osman and Another v Attorney-General, Transvaal[24], when he said the following:*

*'Our legal system is an adversarial one. Once the prosecution has produced evidence sufficient to establish a prima facie case, an accused who fails to produce evidence to rebut that case is at risk. The failure to testify does not relieve the prosecution of its duty to prove guilt beyond reasonable doubt. An accused, however, always runs the risk that, absent any rebuttal, the prosecution's case may be sufficient to prove the elements of the offence. The fact that an accused has to make such an election is not a breach of the right to silence. If the right to silence were to be so interpreted, it would destroy the fundamental nature of our adversarial system of criminal justice.' "*

[15] Soos tereg uitgewys, lei weersprekings *per se* nie noodwendig tot verwerping van 'n getuie se getuienis nie

[4] 2001(1) SA 912 (CC) par [24]; ***Osman*** *supra* 1998 (4) SA 1224 (CC) par [22]

en kan dit bloot die gevolg wees van 'n fout.[5] Hier is duidelik twee afsonderlike tonele, te wete die botsingstoneel en die toneel waar die polisie beweer die appellant gestop is terwyl hy agter die stuurwiel van die voertuig was.

[16] Wat Tromp se getuienis ten aansien van die botsing en die gebeure op die botsingstoneel betref, het Tromp volhard met sy weergawe dat die appellant bestuur het ten tye van die botsing. Dit blyk dat dié toneel slegs 'n afstand van ongeveer 30 meter was vanaf die punt waar Tromp uit die pad van die voertuig moes spring. Hy het deurlopend die voertuig wat betrokke was in die botsing onder oë gehad en dit was 'n kort tydsverloop tussen die botsing en die stadium wat Tromp op die botsingstoneel aangekom het. Ek is tevrede dat die Verhoorhof nie misgetas het deur die getuienis van Tromp te aanvaar ten aansien van die botsing en die gebeure onmiddellik daarna nie.

[17] Dit is in kruisondervraging aan Tromp gestel dat toe die polisie 'op die toneel kom' die appellant en sy oom reeds uit die voertuig was. Hy het hierop bevestigend geantwoord. Dit is toe pertinent aan hom gestel dat die getuienis van die polisiebeamptes dan nie korrek kan wees nie, waarop sy antwoord was dat die voertuig nie verder kon ry nie en die appellant en sy oom toe

---

[5] ***S v Mkhole*** 1990(1) SACR 95 (A) op 98f-g;

uitgeklim het. Dit is dus duidelik dat die appellant hier na die botsingstoneel verwys en nie na die toneel waar die polisie die appellant gestop het in De Weestraat nie. Die botsingstoneel in Vierdestraat en die punt wat die polisie die appellant gestop het in De Weestraat is ongeveer 100 meter uit mekaar. Die feit dat die enjin nie geluier het toe dit van die botsingstoneel af gestoot is nie beteken gevolglik nie dat die polisie se getuienis dat die enjin geluier toe die appellant gestop is in De Weestraat nie korrek kan wees of 'n wesenlike weerspreking tussen die polisiegetuies en Tromp is nie.

[18] Dat appellant die betrokke dag onder die invloed van drank was en dat die voertuig op 'n abnormale wyse bestuur is en met die paal gebots het, is gemene saak. Teen hierdie agtergrond, te wete die appellant se pleitverduideliking, sy erkenning dat hy onder die invloed van drank was, die feit dat hier 'n botsing plaasgevind en die direkte getuienis van die polisiebeamptes en Tromp dat die appellant die voertuig bestuur het, het die appellant verkies om nie te getuig nie. Ten spyte van stellings dat sekere persone sou kom getuig het dat hy nie die voertuig bestuur het nie, is geen getuies geroep nie. Daar is geen verduideliking vir die botsing of redes daarvoor nie. Dit is inligting wat uitsluitlik binne die kennis van die appellant lê.

[19] Ek is tevrede dat die Verhoorhof geen mistastings begaan het in die evaluering van die getuienis nie en dat die appellant korrek skuldig bevind is.

Gevolglik maak ek die volgende bevel:

**DIE APPÈL WORD VAN DIE HAND GEWYS EN DIE SKULDIGBEVINDING EN VONNIS WORD BEKRAGTIG.**

______________________

**ERASMUS, SL**
**WAARNEMENDE REGTER**

**Ek stem saam.**

________________________________

**OLIVIER, CJ**
**REGTER**

| | |
|---|---|
| **Namens Appellant:** | Adv. D. Van Tonder (iov Die Regshulpraad) |
| **Namens Respondent:** | Adv. T. Kelaotswe (iov Die DOV) |